

# Bybel vir Kinders

bied aan



## Die meisie wat tweekeer gelewe het



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest

Vertaal deur: Yvette Brits

Aangepas deur: Ruth Klassen

Storie 49 van 60

[www.M1914.org](http://www.M1914.org)

*Bible for Children, PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans

Jairus was 'n Joodse godsdienstige leier, wat die Woord van God aan ander verkondig het. Eendag het sy geliefde dogter ernstig siek geword, sy was net twaalf jaar oud.



1

Dit het gelyk of niemand haar kan help nie. Dit was 'n slegte siekte. Jairus het geweet sy dogter was besig om te sterf.



2

Slegs een persoon kon Jairus se dogter help. Jairus het na Jesus gaan soek om Hom na sy huis te bring. Jairus vermoed sy gelowige vriende sal dit nie goedkeur nie.



3

Maar Jairus het nie omgee nie. Hy moes dadelik iemand kry om sy dogter te help voordat sy sou sterf.



4

Jairus het Jesus gevind, omring van mense. Jairus val op sy knieë voor Hom en smeek Hom dringend:



5

"My dogtertjie lê op haar uiterste. Kom lê tog u hande op haar, sodat sy kan gesond word en lewe."



6

Jesus het saam met Jairus gegaan. Maar hulle kon nie vining beweeg nie as gevolg van die groot skare.



7

Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar baie siek was. Sy was by al die dokters en het al haar geld spandeer, sonder enige beterskap. O, hoe graag wou sy Jesus sien!



8




Wat kon die vrou doen? "As ek maar net aan Sy klere kan raak, sal ek gesond word," het die vrou geprewel. Daarna het sy haar hand uitgerek, en aan Jesus se kleed geraak.

9



'n Wonderwerk, 'n Wonderwerk, die vrou het geweet, sy was dadelik genees van haar siekte. Jesus het gevra: "Wie het aan my klere geraak?"

10



Hy het rondom hom gekyk om te sien wie dit gedoen het. Die vrou het geweet Jesus wil hê sy moet haar storie vertel. Sy het toe voor Hom op haar knieë geval en vir Hom haar hele geskiedenis vertel.

11



Net toe, het slawe van Jairus se huis daar aangekom. Hulle sê vir hom: "U dogter het gesterwe." Dood, dit was te laat. Miskien as die vrou nie Jesus opgehou het nie, miskien, sou sy dogter nie gesterf het nie.

12



Jairus se geliefde dogter was dood. Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: "Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!" Dit moes baie moeilik vir Jairus gewees het om Jesus te glo, sy dogter was dood.

13



By die huis, was almal besig om te treur en te huil oor die dogtertjie. Jesus sê toe: "Die kindjie het nie gesterwe nie, sy slaap net." Hulle het vir Hom gelag, want hulle weet sy is dood.


14

Hy het almal beveel om uit te gaan. Hy vat toe die kindjie se hand en sê vir haar: "Talita, Koem!" Dit beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!




15

Jairus en sy vrou was daar en drie van Jesus se dissipels. Hulle het almal Jesus se woorde gehoor. Sal die klein dooie dogtertjie dit ook hoor?



16

Dadelik het die dogtertjie opgestaan. Jesus het haar uit die dood opgewek.



17

Die dogtertjie se ouers was verwonderd. Jesus beveel hulle toe om vir haar iets te gee om te eet. Hulle moes so gelukkig en dankbaar gewees het. Sy wonderlike liefde en krag het hul dogtertjie teruggebring uit die dood.



18

Die meisie wat tweekeer gelewe het  
'n Storie uit God se woord, die Bybel,  
soos gevind in  
Markus 5, Lukas 8

"Die lees van die Woord gee lig."  
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!